Die Burger

# OU HUISE EN BOUSTYL.

Ons laaste Nuwejaarsnommer was 'n reuse sukses. Om die hoë gehalte te handhaaf, het ons weer daarin geslaag om die medewerking van ons vernaamste skrywers en digters te verseker. Om maar 'n paar te noem:—

**GERARD MOERDYK,** die bekende boumeester van die Noorde, lewer 'n interessante bydrae oor

## OU HUISE EN BOUSTYL.

Daar is vandag so baie wanbegrippe by ons in omloop oor hierdie onderwerp, dat dit die gesag van 'n kenner as die heer Moerdyk vereis om lig oor die onderwerp te versprei. Die skrywer het 'n spesiale studie van die onderwerp gemaak, om sy ondersoekinge en gevolgtrekkinge later in 'n groot werk uit te gee. Wat die werk van so 'n permanente waarde maak is dat die skrywer die historiese sowel as die argitektoniese sy behandel. Aan al die ou huise sit daar veel geskiedenis vas, en dit word deur die heer Moerdyk aan die vergetelheid ontruk. Ons betreur dit vandag almal dat soveel van ons Afrikaanse oudhede deur die nakomende geslagte aan verval en verwaarlosing prysgegee is. Genoemde heer wil die waardering en liefde van ons verlede by ons herstel. Hy wil ons respek vir ons tradiesies inboesem. Ons land word ontsier deur baie kosbare maar smaaklose geboue. Die majesteit en die eenvoud van ons voorouers het ons verloor. Ons het geen idee watter agteruitgang daar in die meubelering en boustyl by ons waar te neem is nie as ons die hedendaagse meubels en geboue vergelyk met dié van ons voorouers.

Mnr. Moerdyk het die volledigste versameling van illustrasies van ons ou huise. Hy sal sy stuk ryklik illustreer met sy beste portrette en tekeninge van ou huise. Die intekenaars op ons nommer sal dus die beste versameling van portrette en tekeninge van ons ou huise kry. Dis al alleen genoeg om die nommer besonder interessant en van groot waarde te maak.

Om die naam van nog 'n medewerker te noem, kom ons by **Senator C. J. Langenhoven.** Laasgenoemde gee ons iets enigs. Dit is in wye kring miskien nie bekend nie dat die skrywer van "Ons Weg Deur Die Wereld" sy veelsydigheid ook as spotprenttekenaar handhaaf. Hy het 'n pragtige versameling pentekeninge van ons politikusse gemaak. Die tekeninge word vergesel van onderskrifte deur homself gedig. Dit is juweeltjies van ondeunde dog nie gemene spot.

In hierdie nommer vind ons dus weer die werk van ons vernaamste Afrikaanse skrywers en digters. Dit is 'n bloemlesing van wat in Afrikaans kan gelewer word—en daarby is dit oorspronklike werk wat in ons nommer vir die eerste maal die lig sien. Dit is al rede genoeg waarom dit in elke Afrikaanse huisgesin onmisbaar is.

**Posvry 2/6.**

**Alleen kontante bestellings word uitgevoer.**

HRDK 00097